# Nederlandse Geloofsbelydenis

## Artikel: 7

### DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF

Artikel: 7

Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat

en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo,

daarin voldoende geleer word.

Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word,

mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie -

ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8).

En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32) ,

blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is.

Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was,

met die Goddelike Skrif gelykstel nie; met die Goddelike Skrif gelykstel nie;

ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie,

want die waarheid is bo alles.

Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10).

Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie,

soos die apostels ons leer as hulle sê: "...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh 4:1) en: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie..." (2 Joh:10).

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF



Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word

Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie [illegible]e apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie

ja, al was daar ook 'n [illegible] uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. En aange[illegible] dit verbode is om iets by die Woord van G[illegible] te voeg of daarvan weg te laat

blyk dit duidelik d[illegible] leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is

Ons mag oo[illegible] geskrifte van [illegible] heilig [illegible]k al was, met [illegible]ddelike Skrif gelykstel nie [illegible] mag ons ni[illegible]id of opvolg[illegible]n tye of van persone of [illegible]e, want die waarheid [illegible]



Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self.

Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" en: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...".

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF



Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word



Spreuke 30:6: Moenie iets byvoeg by sy woorde nie, anders verklaar Hy jou skuldig en word jy as 'n leuenaar uitgekryt.

Johannes 4:25: Die vrou sê vir Hom: “Ek weet die Messias kom wat Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak”

2 Timoteus 3:16-17: Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak.

1 Petrus 1:10-12: Oor hierdie verlossing het die profete, wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, nagedink en navraag gedoen. Hulle het probeer naspeur na watter persoon of na watter spesifieke tyd die Gees van Christus, wat in hulle was, verwys het toe Hy vooruit getuig het oor Christus se lyding, en die heerlikheid wat daarop sou volg. Aan hulle is geopenbaar dat hulle, wat hierdie dinge betref, nie besig was om hulleself nie, maar júlle, te bedien. Hierdie dinge is nou aan julle meegedeel deur hulle wat die evangelie aan julle verkondig het, deur die Heilige Gees, wat van die hemel gestuur is. Selfs engele begeer om insig hierin te verkry.

Nederlandse Geloofsbelydenis | **DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF** | Artikel: 7

Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie



Romeine 15:4: Alles wat vroeër opgeteken is, is tog vir ons tot lering opgeteken, sodat ons hoop kan hê deur die volharding en die bemoediging wat ons uit die Skrif ontvang.

1 Timoteus 1:3: Soos ek by jou aangedring het toe ek na Macedonië vertrek het, moet jy in Efese bly, sodat jy sekere mense opdrag kan gee om nie vreemde leringe te versprei,

1 Korintiërs 15:2-3: waardeur julle ook verlos word; mits julle vashou aan die evangeliewoord wat ek aan julle verkondig het – tensy julle vergeefs tot geloof gekom het. Want die wesenlike wat ek ontvang en ook aan julle oorgelewer het, is: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte;

2 Timoteus 3:14-15: Maar jy, bly jy by dit wat jy geleer het en waarvan jy vas oortuig is, omdat jy weet by wie jy dit geleer het, en omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus.

1 Petrus 4:11: As iemand aan die woord is, laat dit soos woorde van God wees; as iemand dien, laat dit wees vanuit die krag wat God voorsien, sodat God in alles verheerlik kan word deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort, vir ewig en ewig. Amen.

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF



ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat



Deuteronomium 4:2: Julle mag niks byvoeg by alles wat ek julle beveel nie, en julle mag niks daarvan weglaat nie. Kom die gebooie van die HERE julle God, na wat ek julle beveel.

Deuteronomium 12:32: “Alles wat ek julle beveel, dit moet julle nougeset nakom. Jy mag daar niks byvoeg en niks daarvan weglaat nie.”

Spreuke 30:6: Moenie iets byvoeg by sy woorde nie, anders verklaar Hy jou skuldig en word jy as 'n leuenaar uitgekryt.

1 Korintiërs 4:6: Hierdie dinge, broers, het ek om julle onthalwe op myself en Apollos van toepassing gemaak, sodat julle deur ons kan leer om julle nie te verhef bo wat geskryf is nie, sodat niemand homself belangrik sal ag omdat hy vir die een is en teen 'n ander nie.

Galasiërs 1:8: Maar selfs al sou ons, of 'n engel uit die hemel, 'n evangelie aan julle verkondig in stryd met wat ons aan julle verkondig het, laat hom vervloek wees!

Openbaring 22:18-19: Ek getuig teenoor elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boekrol hoor: “As iemand iets hieraan toevoeg, sal God die plae waarvan in hierdie boekrol geskryf is, aan hom toevoeg. En as iemand van die woorde van die boekrol van hierdie profesie wegneem, sal God sy aandeel aan die boom van die lewe, en aan die heilige stad waarvan in hierdie boekrol geskryf is, wegneem.”

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF



blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is.



Psalm 19:8-9: Die opdragte van die HERE is reg, dit maak die hart bly; die gebod van die HERE is suiwer, dit verhelder die oë. Ontsag vir die HERE is rein, dit hou vir altyd stand; die beslissings van die HERE is waar, dit is almal regverdig.

Matteus 17:5: Terwyl hy nog praat, het 'n helder wolk skielik 'n skaduwee oor hulle gegooi, en kyk, 'n stem uit die hemel sê: “Dit is my geliefde Seun, oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.”

Johannes 15:15: Ek noem julle nie meer slawe nie, omdat 'n slaaf nie weet wat sy eienaar doen nie. Ek het julle egter vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek by my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.

Handelinge 18:28: omdat hy die Jode kragtig in die openbaar teengespreek het, terwyl hy uit die Skrifte bewys het dat Jesus die Christus is.

Handelinge 20:27: want ek het nie daarvan teruggedeins om die volle heilsplan van God aan julle te verkondig nie.

Romeine 15:4: Alles wat vroeër opgeteken is, is tog vir ons tot lering opgeteken, sodat ons hoop kan hê deur die volharding en die bemoediging wat ons uit die Skrif ontvang.

1 Korintiërs 2:4: My lering en my verkondiging het nie berus op oorredende woorde van wysheid nie, maar op bewyse van die Gees en van krag,

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF

Artikel: 7

Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles.



Jesaja 1:12: Wanneer julle kom om voor My te verskyn – wie eis dit van julle om my voorhowe te vertrap?

Matteus 15:3: Hy het hulle egter geantwoord: “Hoekom oortree ook julle die gebod van God met julle tradisie?

Markus 7:7-9: “Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind; en vir wie klop, sal oopgemaak word. “Wie onder julle sal, as sy seun brood vra, vir hom 'n klip gee?

Handelinge 4:19: Petrus en Johannes het hulle egter geantwoord en gesê: “Of dit reg is voor God om eerder na julle te luister as na God, moet julle self oordeel;

Romeine 3:4: Hoegenaamd nie. Al is elke mens vals, laat God waaragtig wees. Soos daar geskryf staan, “sodat U reg bewys kan word deur u woorde, en U sal wen wanneer U oordeel”.

Kolossense 2:8: asop dat niemand julle meevoer deur 'n filosofie en leë bedrieëry, wat gegrond is op menslike tradisie en teorieë oor die kosmiese elemente, en nie op Christus nie.

2 Timoteus 4:3-4: Want daar kom 'n tyd wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle ore gestreel wil word deur wat hulle hoor, sal hulle vir hulleself leermeesters na eie begeerte uitsoek. 4 Hulle sal hulle doof hou vir die waarheid, en hulle tot versinsels wend.

1 Johannes 2:19: Hulle het uit ons geledere gekom, maar hulle was nie werklik deel van ons nie; want as hulle werklik deel van ons was, sou hulle by ons gebly het. Maar dit moes duidelik word dat nie een van hulle deel van ons is nie.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF

Artikel: 7

Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self.



Deuteronomium 4:5-6: Kyk, ek leer julle die vaste voorskrifte en beslissings soos die HERE my God my beveel het, sodat julle daarvolgens kan leef in die land waarheen julle op pad is en wat julle in besit gaan neem. Kom dit na en voer dit uit, want daaruit sal dit vir die nasies duidelik wees dat julle wysheid en insig het. Wanneer hulle al hierdie vaste voorskrifte hoor, sal hulle sê, ‘Wat 'n wyse en verstandige volk is hierdie groot nasie nie!’

Psalm 62:10: Net 'n asemteug is die mens, onbetroubaar is mense; op 'n skaal weeg hulle byna niks, saam is hulle ligter as 'n asemteug.

Jesaja 8:20: moet julle antwoord: “Gaan na die onderrig en die getuienis!” Hulle moet beslis antwoord volgens hierdie uitspraak, waarteen geen beswering bestand is nie.

1 Korintiërs 3:11: Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie – dit is Jesus Christus.

Efesiërs 4:4-6: een liggaam en een Gees, soos julle ook deur julle roeping tot een hoop geroep is: een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in almal is.

2 Tessalonisense 2:2: om nie skielik kop te verloor en verontrus te word deur 'n geestesuitspraak of 'n woord of 'n brief, wat skynbaar van ons af sou kom, en waarvolgens die dag van die Here reeds aangebreek het nie.

2 Timoteus 3:14-15: Maar jy, bly jy by dit wat jy geleer het en waarvan jy vas oortuig is, omdat jy weet by wie jy dit geleer het, en omdat jy van kleins af die Heilige Skrifte ken wat jou die wysheid kan gee tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF

Artikel: 7

Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" en: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...".



1 Johannes 4:1: Geliefdes, moenie elke gees glo nie, maar toets die geeste of hulle van God kom, want daar is reeds baie vals profete in die wêreld.

2 Johannes 10: As iemand na julle kom en nie hierdie leer oordra nie, moet julle hom nie in julle huis ontvang nie, en hom nie groet nie.

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF



Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word

Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie

ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat

blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is.

Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles.

Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self.

Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" en: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie...".

# DIE VOLKOMENHEID VAN DIE HEILIGE SKRIF



Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word[1].

Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie[2] - ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32) [3], blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is[4].

Ons mag ook geen geskrifte van mense, hoe heilig die mense ook al was, met die Goddelike Skrif gelykstel nie; ook mag ons nie die gewoonte of die groot getalle of oudheid of opvolging van tye of van persone of kerkvergaderings, verordeninge of besluite met dié waarheid van God gelykstel nie, want die waarheid is bo alles[5].

Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self (Ps 62:10) [6].

Ons verwerp daarom met ons hele hart alles wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie, soos die apostels ons leer as hulle sê: "...maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh 4:1) en: "As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie..." (2 Joh:10) [7].

1 Spreuke 30:6; Johannes 4:25; 2 Timoteus 3:16-17; 1 Petrus 1:10-12
2 Romeine 15:4; 1 Timoteus 1:3; 1 Korintiërs 15:2-3; 2 Timoteus 3:14-15; 1 Petrus 4:11
3 Deuteronomium 4:2; Deuteronomium 12:32; Spreuke 30:6; Handelinge 26:22; 1 Korintiërs 4:6; Galasiërs 1:8; Openbaring 22:18-19
4 Psalm 19:8-9; Matteus 17:5; Johannes 15:15; Handelinge 18:28; Handelinge 20:27; Romeine 15:4; 1 Korintiërs 2:4
5 Jesaja 1:12; Matteus 15:3; Markus 7:7-9; Handelinge 4:19; Romeine 3:4; Kolossense 2:8; 2 Timoteus 4:3-4; 1 Johannes 2:19
6 Deuteronomium 4:5-6; Psalm 62:10; Jesaja 8:20; 1 Korintiërs 3:11; Efesiërs 4:4-6; 2 Tessalonisense 2:2; 2 Timoteus 3:14-15
7 1 Johannes 4:1; 2 Johannes 10